BabaGim® vir Mamma en Baba

Madeleine Mitchell

'n Bekommerde Mamma Jacoré het vir my 'n epos gestuur om te vra of ek dink BabaGim sal vir haar seuntjie kan help. Hy was toe 6-weke oud en alreeds twee keer gehospitaliseer weens 'n voedingsprobleem, refluks en koliek. Boonop was Baba James met 'n verhoogde verhemelte gebore wat sy voeding vermoeilik het.

Mamma Jacoré en Baba James het by my aangekom en ons het met 'n paar BabaGim-oefeninge weggespring:

- Ons het die vagus-masseer (om hom te ontspan en die voedings-ritme te verbeter)
- Die mondjie binne en buite masseer (vir verhoogde bewussyn)
- Die hele lyfie ferm masseer (om te ontspan)
- Aanbeveel dat Mamma min parfuum of reukwater dra sodat James haar aan haar natuurlike reuk kan herken (tevredenheid en geborgenheid)
- En die reuk en smaak-sintuie 'wakker gemaak' of gestimuleer.

Dr Melodie de Jager, die stigter van BabaGim, het ook aan my bevestig dat die beweeglike kopplate met behulp van die soog-aksie oor tyd kan skuif sodat die verhemelte bietjie uitplat om soog en voeding te verbeter. Mamma en Baba het oor weke en maande met die oefeninge voortgegaan en die vordering was baie stadig maar seker.

Ek en Jacoré het oor die maande kontak gehou en dit was lekker om van tyd tot tyd leiding te kon voorsien of eenvoudig net nuwe mylpale saam haar en James te kon vier. Hier is haar terugvoer oor hulle ervaring:

Wat het BabaGim vir baba beteken?

"James het kennis gemaak met die wêreld daar buite. Hy is blootgestel aan nuwe reuke, teksture, ouers en babas. BabaGim het gehelp met James se koliek - die massering het hom laat onstspan wanneer hy saans tydens badtyd erg gehuil het en die kolon-massering het ook gehelp met sy hardlywigheid. Die BabaGim mond-oefeninge het gehelp om sy soog-uitdagings te verlig. Die bal, dans en bewegings-oefeninge het James baie gehelp toe magie-tyd weens die refluks byna ondraaglik was. So ons kon nogsteeds BabaGim-oefeninge doen wat vir hom gemaklik was en wat hy geniet het."

Wat het BabaGim vir mamma beteken?

"BabaGim het vir my 'forseer' om een keer 'n week met James uit die huis te kom. Dit het my gehelp om selfvertroue te verkry om hom uit te neem en met ander mammas tyd te spandeer, vrae te vra en bekommernisse te deel. Ons het by die BabaGim klassies vriendskappe gesmee en ons behou nou nog kontak met die BabaGim-vriende! Ons BabaGim Instrukteur, Madeleine, het ons talle male mooi ondersteun en moed in gepraat en dit was weens haar leiding dat James ook vinnig aan die kruip gekom het. BabaGim is 'n program wat ouers deel maak van hul baba se ontwikkeling en bring ook ouers nader aan mekaar omdat hul die klassies en vordering saam kan geniet en ervaar."

©BabaGim Instituut: JOHANNESBURG 2018